

# KOERSVAS

Jaargang 4      Uitgawe 76      20 November 2015



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Nog is nooit genoeg

Die Universiteit van Stellenbosch (US) swig in November voor politieke druk deur aan te kondig dat Engels die nuwe amptelike administrasie-taal sal wees. Skaars een week later swig die US weer en word daar aangekondig die beleid bly soos dit was. Hierdie besluite moet nie in isolasie beoordeel word nie.

Direk na die televisie onderhoud met die Afrikaanse rektor, het 'n onderhoud met die voorsitter van 'n minderheids-drukgroep gevolg. Die man het namens "Open Stellenbosch" die besluit verwelkom as 'n goeie **eerste** stap. Hy het voortgegaan deur te verduidelik dat die "transformasie" om van US 'n ware Afrika universiteit te maak 'n lang en pynlike proses gaan wees. Alles gaan vervang moet word omdat sogenaamde "apartheid" oral geval het, maar verskans in US bly voortbestaan.

Hulle (*Open Stellenbosch*) sien dit as hulle taak om aan die meerderheid studente en dosente voor te skryf - en dit begin by taal. Tot waar wil hulle dit druk? Tot by niks. Indien niks van die blanke Afrikaner oorby nie, sal hulle tevrede wees. Nog en nog meer toegewings sal net nooit genoeg wees nie.

'n Amerikaner wat tydens die Koue Oorlog betrokke was by die onderhandelings met die kommuniste, het op 'n keer vir die Rus gevra: "Indien ek vandag toestem tot al jou eise, wat gebeur mōre?" Sonder huiwering was sy antwoord: "Indien jy nou ingee op al my eise, sal my nuwe lys met eise mōre-oggend op die tafel wees."

Gaan ons dan nooit leer nie? In die RSA is dit die kommuniste wat domineer. Die sosialistiese ideologie heers in die ANC se denke, al is nie almal lede van die Kommunistiese Party nie. In die openbaar en ter vergadering, verwys hulle na mekaar

as "comrade". Hulle wil hierdie land omskep na 'n sosialistiese staat. Daar waar hulle nie in beheer is nie, wil hulle beheer verkry. Daar waar kwaliteit en vrye denke gekweek kan word, wil hulle totale inspraak kry. Hulle wil die eie identiteit van die Afrikaner, wat bekend is vir sy onafhanklike denke, vernietig.

Diegene wat nog in beheer is van instansies wat die reg het tot bestaan as Afrikaner instansies, moet besef dat die streep in die sand nou reeds getrek moet word. Dit baat niks om sogenaamd redelik te probeer wees nie, daar sal altyd meer en erger eise wees, daar sal **altyd** druk wees.

Een van die bekendste dele in Charles Dickens se boek, Oliver Twist, is waar die weeskind vra vir "**nog**". Sy versoek is redelik, die reaksie verontwaardigd onredelik. In die menslik gebroke bedeling waarin ons leef, sal daar altyd nood en versoekte wees. Ons kan nie blind of ongevoelig staan teenoor ons medemens se nood nie. Ons word deur ons Heer en Hoof geroep tot barmhartigheid. Ons moet die ekstra myl loop. Die probleem is dat soveel van die eise en druk ideologiese druk is. Die kuns is om oordeel aan die dag te lê. Ons moet barmhartig en redelik wees in ons denke en optrede.

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) se onstaan kan ook vanuit hierdie perspektief toegelig word. Die NHKA se voorlopers het aan die een kant al hoe meer hulself as leiers van 'n hiërargie begin sien en aan die ander kant begin swig voor die ideologiese druk van buite. Ons sou lank kon praat oor die druk van binne, maar die druk van die ekumene kan nie onderskat word nie. Die NHKA wou ook die ideologie van die dag napraat en huis die kommunistiese ideologie van die ANC het die NHKA die 54/69 besluit laat neem.

Die GHG sal in die visier van die kommunis bly, op vele maniere. Kom ons as GHG staan by die waarhede waarvan ons oortuig is, weerstaan druk van buite en van binne. Koms ons waak teen ortodoksimse en 'n onredelike verstarring van standpunte. *Ecclesia reformata semper reformanda secundum verbum Dei* – Die Hervormde kerk hervorm altyd na God se Woord.

## **BERIGTE**

Meyerspark neem Sondag 6 Desember 2015 afskeid van Dr en mevrou Malan Storm. Die Redaksie van Lewensbrood IV wil die geleentheid gebruik om gemeentes se bestellings te versend. Gemeentes wat verteenwoordig gaan word by die geleentheid, word versoek om Ella te laat weet sodat ons kan verseker dat u bestellings beskikbaar is. Reël ook met u

verteenwoordiger om u bestelling saam terug te neem. Ons hoop om so vir baie versendingskoste te spaar.

## KENNISGEWINGS

### Advertisies

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of [auri@mweb.co.za](mailto:auri@mweb.co.za).
- Premiermyn bied vir slegs R100 inskrywingsgeld ‘n kompetisie met as eerste prys ‘n week vir 12 mense te Marloth park, op die rivier. Daar is ook groot tweede en derde pryse. Belangstellendes kan skakel met **Hans Esterhuizen by 084 581 2905**. Inskrywings sluit 27 November

## GELOOFSBONDKWILT

### TREKKING

**DV SONDAG 6 DESEMBER 2015**

**TE PREMIERMYN, CULLINAN, NA DIE  
EREDIENS**

Liewe Vriende

Soos u elkeen weet, vind die trekking van die eerste Geloofsbondkwilt DV die eerste Sondag van Desember 2015 plaas. Die wenner is verantwoordelik om self die kwilt te kom afhaal, of om die nodige reëlings te tref. Daar sal gevra word vir ‘n foto van die wenner en sy/ haar naam sal ook in Geloofsbondpublikasies bekendgemaak word. Verseker asseblief dat:

- 1) Alle lyste aan Ella ge e-pos of gefaks word na [011 826 2127](mailto:011 826 2127) NIE later as **Donderdag, 26 November 2015 nie.** (Ella-hulle gaan met vakansie!) Dit is u verantwoordelikheid om seker te maak dat Ella dit ontvang het.

Haar kontaknommers is

**[011 892 4660](tel:0118924660) (werk)**

**[082 564 1915](tel:0825641915). Loopfoon**

- 2) Gelde word ook NIE later nie as **Donderdag, 26 November 2015** inbetaal in die Geloofsbondrekening (sien onder) **met die volgende meegaande inligting:**
  - a) Kwilt
  - b) Gemeentenaam
- 3) **BANKBESONDERHEDE:**  
Naam: GHG (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)  
ENB Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika  
Rekeningnommer: 62430923088  
Takkode: 250655  
Verstaan asseblief dat net die **lootjielyste wat betyds ingestuur is en waarvan die geldte betyds inbetaal is,** in aanmerking kan kom vir die trekking.  
Vriendelike groete  
Yvette Otto

### •Drukwerk Geloofsbond Pryse 2015

Paul en Ella help graag met:

- Kalender R8-30 elk
- Verlofregister R24-75 elk
- Kwitansie R16-90 elk
- Offergawe R6-60 elk
- Dames Kwitansie R14-45 elk
- Konsistorie R22-35 elk
- Belydeniskrifte Boekie R31-40 elk

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

Gemeentes moet asseblief kennis neem dat Teamwork Printers bestellings vir **drukwerk tot en met 25 November 2015 sal aanvaar.** Enige bestellings na dié datum sal eers in die nuwe jaar gelewer word, aangesien hulle sluit vir Desember en weer 11 Januarie 2016 open. Veral bestellings vir die jaar kalenders en konsistorieboeke is belangrik aangesien dit

Januarie 2016 alreeds in gebruik geneem word.

### 1. Geloofsbond Eredienste :

[www.geloofsbond.co.za](http://www.geloofsbond.co.za) Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en

gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.  
<http://www.geloofsbond.org.za/>

Vir verpakningsmateriaal, spysenierings-benodigdhede en skoonmaakmiddels vir funksies van kerke en skole, skakel **MW PACKAGING** by 018 381 1494.

## MAAK 'N DONASIE VAN R100-00 EN STAAN 'N KANS OM EEN VAN DIE VOLGENDE PRYSE TE WEN


**1ste Prys: Week se verblyf met luukse**

akkommodasie te Marloth Park teenaan die rivier.

Slaap 12. Daaglikske skoonmaak ingesluit.

**2de Prys: R1500-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**

**3 de Prys: R1000-00 Geskenkbewys vanaf Tierpoort slaghuis**



### 3. GELOOFSBONDKWILT

Die koning/ koningingrootte kwilt is saamgestel uit blokke wat deur verskillende Bondsgemeentes se dames ingestuur is. Die wenlootjie word DV die eerste Sondag van Desember getrek. Dus, wat 'n pragtige Kersgeskenk vir iemand. Die fondse gaan aangewend word vir die opleiding van verdienstelike Geloofsbond teologie studente.

Lootjievorms is beskikbaar by Ella teen R20 elk of R100 vir 6. Lootjielyste is beskikbaar by alle Geloofsbond Hervormde gemeentes. Gemeentes kan ook met Ella skakel om nog lootjielyste te kry. Kontak haar gerus by [ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com) Lootjies sluit hierdie week